



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

US-kortkursus in portuurleerfasilitering

Is jy 'n toegewyde student en gretig om jou ervaring met ander te deel?

Dan is portuurleerfasilitering vir jou!

Skryf in vir die US-geakkrediteerde ko-kurrikulêre kortkursus in portuurleerfasilitering en ontvang erkenning as ervaringsleerder op jou akademiese transkrip.

Die Sentrum vir Onderrig en Leer bied **ALLE** tutors (*demi's, module-, leer-, onderrig- en assesseringsassistente*) 'n opwindende **GRATIS** geleentheid om opleiding in portuurleerfasilitering te ontvang. Jy het tot 13 weke om die kortkursus te voltooi (*na gelang van wanneer jy inskryf*) en kan teen jou eie tempo werk óf soos wat jou departement/fakulteit aandui.

Wie kan aansoek doen?

1. Demi's
2. Module-assistente
3. Leerassistente
4. Onderrigassistente
5. Asseseringsassistente

Watter voordeel hou dit vir my in?

1. Jy sal 'n geakkrediteerde US-erkende portuurleerfasiliteerder word.
2. Jy sal leer hoe om grense te stel en veerkragtig en aanpasbaar te wees.
3. Jy sal studente help ontwikkel en praktiese vaardighede toepas om hulle selfdoeltreffendheid te verhoog.
4. Jy sal in 'n betrokke leier ontwikkel (*weetgierig, geïnteresseerd en passievol oor leer*).
5. Jou graduandi-kenmerke sal ontwikkel word (*professionaliteit, inter-/intrapersoonlike vaardighede en sosiale intelligensie*).

Hoe doen ek aansoek?

1. Doen eers aansoek om 'n portuurfasiliterings- (tutorskaps-)geleentheid in jou departement of fakulteit wanneer dit geadverteer word.
2. Sodra jou departement of fakulteit jou kies, kan jy vir die kortkursus in portuurleerfasilitering inskryf.

Waaruit bestaan die kursus?

1. Sessie 1: Wat van jou as portuurleerfasiliteerder vereis word
2. Sessie 2: Wie jy vir bystand kan kontak
3. Sessie 3: Tegnieese en administratiewe vaardighede
4. Sessie 4: Die fasilitering van leer en deelname
5. Sessie 5: Tyd- en stresbestuur

Wat word van my verwag?

1. Bestee ten minste 1½ uur per week aan die kursusaktiwiteite.
2. Gaan daaglik die SUNLearn-moduleblad na vir nuwe aankondigings.
3. Gaan jou e-pos gereeld na vir moontlike administratiewe take.
4. Kommunikeer met die kursuskoördineerder indien jy enige probleme ondervind.

5. Word deel van die portuurfasiliteringsfamilie en gesels met ander portuurfasiliteerders oor jou ervarings deur aanlyn gesprekke deel te neem en ander van terugvoer te voorsien.
6. Geniet die opleiding en jou fasiliteringservaring.

Vir verdere inligting en navrae oor inskrywing, kontak Johara Khan by 20852096@sun.ac.za, of nader jou fakulteits-/departementele tutorkoördineerder.